

Landbouwetenskap Graad 11
Bemestingstowwe
Bladsy 155 – 157
15 Junie 2020

Toedien van bemestingstowwe aan grond:

1. Strooktoediening – Plaas van voedingstowwe onder, bo of aan die kant van saad of plantjies wanneer dit geplant word.
 - Voordeel is bemesting waar wortels maklik voedsel bereik.
 - Oplosbare voedingstowwe naby saad verhoog opbrengs
 - Minder bemesting word benodig per hektaar
 - Bemesting meer beskikbaar vir gewas as vir onkruid
 - Plante behou voedingstowwe indien erosie plaasvind
2. Vloeibare of gastoediening – Bemestingkonsentraat word met water gemeng
 - Planthormone soos ureum en ammoniumsulfaat word so toegedien
3. Saaitoediening - Eweredige toediening van korrelbemesting
 - Bemesting moet oral gestrooi word dat wortels toegang het
 - Onkruidgroei kan bevorder word
4. Blaartoediening – Bemesting word direk op die blare van plant gespuit
 - Bemesting word direk deur blare absorber
 - Mikrovoedingstowwe word so toegedien
5. Fertigasië – Toedien van bemesting deur besproeiingswater
 - Stikstof en kaliummisstowwe word so toegedien
6. Lugtoediening – Bespuiting van landerye met bemestingstowwe en plaagdoders
 - Vliegtuie word gebruik vir hierdie toediening
 - Kunsmismensels word so toegedien
7. Bo-bemesting-Bemesting word bo-op grond, langs plant gesaai
 - Bemesting sal stadig in grond in beweeg
 - Groei van swamme word verminder

*Huiswerk is om sketse te maak van strookverbouing, saaitoediening en bo-bemesting
Om te verduidelik hoe dit gedoen word.

Geslagtelike voortplanting in plante

Bladsy 158 – 161

18 Junie 2020

Definisie van geslagtelike voortplanting: Die proses waardeur jong nuwe plante gevorm word uit die samesmelting van n manlike spermsel en n vroulike eiersel om n sigoot te vorm wat ontwikkel tot n embrio en uit dit n nuwe plant.

Funksies en strukture van blomdele: Die stamper en die meeldraad speel n rol tydens geslagtelike voortplanting, terwyl die blomkroon en die blomkelk die ongeslagtelike dele van die blom verteenwoordig.

Geslagtelike dele van blom: Die stamper bestaan uit die volgende –

1. Stempel – Stuifmeel val op stempel tydens bestuiwing
2. Styl – Buis waarin stuifmeel af beweeg na die vrugbeginsel
3. Vrugbeginsel – Bevat kiemsakkies waarin saadknoppies met eierselle voorkom

Die meeldraad bestaan uit die volgende –

1. Helmknop – Produseer stuifmeel wat manlike stuifmeelkorrels bevat.
2. Helmdraad – Dra die helmknop in n gunstige posisie vir bestuiwing.

Ongeslagtelike dele van blom:

1. Kelkblare – Blare is groen en beskerm die geslagtelike dele van die blom
2. Kroonblare – Kleurryke dele van die blom wat insekte en voëls lok na blom

Monokotiele en dikotiele blomme:

1. Monokotiel – Geen onderskeid tussen kroon en kelk; blomdele in veelvoude van drie gerangskik
2. Dikotiel – Kelk en kroon kan onderskei word; blomdele in veelvoude van 4 of 5 gerangskik

Eenslagtige en tweeslagtige blomme:

1. Eenslagtig – Dra of meeldrade (manlik) of stamper(vroulik)- pampoen
2. Tweeslagtig – Dra meeldrade(manlik) of stamper(vroulik)- Hibiskus blom

Eenhuisige en tweehuisige plante:

1. Eenhuisig – Manlike en vroulike blomme op dieselfde plant – koring
2. Tweehuisig – Manlike en vroulike blomme op verskillende plante – papaja

*Huiswerk: Doen Aktiwiteit 1 op bladsy 160.

